## PEOPLE

### Simon's Town librarian passes away

We publish this fitting tribute to Melanie du Raan, former librarian of Simon's Town library who recently passed away after a long illness.

*Do not stand at my grave and weep*
*I am not there, I do not sleep*
*I am a thousand winds that blow*
*I am the diamond glints on the snow*
*I am the sunlight on ripened grain*
*I am the gentle autumn rain*
*When you awaken in the morning's hush*
*I am the swift uplifting rush*
*Of quiet birds in circled flight*
*I am the soft stars that shine at night.*
*Do not stand at my grave and weep*
*I am not there. I did not die.*

***Colleen Zwick***



*(ltr) Acting Librarian Lukie Marais, Carol Gray, who took over from Melanie (right) until she left*

### Farewell to a stalwart!

On 30 September 2005, Basil Adams retired from the Library Service after eight years service as a general worker. In all he worked in the public service for 35 years. We share



*A clearly popular Basil surrounded by his colleagues*

with our readers this farewell poem by a colleague.

*Hi! In my culture, I should call you, Dad or papa but what a luck, you did not mind. I made silly jokes to you, all you did you gave me a smile. Time was short but I have learnt a lot. Not that I mourn. It's because it's hard to 1st go. I say go on. They are waiting for you at home. After few weeks, u will feel like u been reborn. In Xhosa they say Ukwanda kwaliwa ngumthatcathi, meaning, The witches hate to see people together laughing and rejoicing. Sorry for not worrying – it's not my style. Sorry to u as well 109.*

*O yes! I admit. I can not vow that I know u. The feeling inside that drives me to talk about u rumble and mumble like a lion in the jungle. I wish u many happiness in your kingdom. Pls teach your grandchildren your wisdom, signing out, The mbelini.*

***Thembelani Galada***
*Preparation Section*

### Bothma tree af... Bothma aangestel!

Na baie jare diens as die vriendelike en effektiewe bibliotekaris van een van die kleinste bibliotekies in een van die mooiste, onontdekte, juweeldorpies in die Karoo, het Corrie Bothma van Merweville onlangs afgetree. Een van die mylpale in haar loopbaan, en een wat sekerlik baie moeilik, indien ooit, geëwenaar sal word, is dat haar biblioteek tydens 'n voorraadopname 'n zero verlies gehad het. Dis reg, ja, oor 'n volle drie jaar het daar nie 'n enkele boek weggeraak nie. En dit is nie weens 'n gebrek aan gebruik nie. Onder haar leiding het Merweville se sirkulasie konstant oor die jare toegeneem. Ons wens vir tannie Corrie 'n rustige en aangename aftrede toe.

En toe word daar sowaar weer 'n Bothma in haar plek aangestel! Zuné Bothma, nie familie van tannie Corrie nie, is 'n gebore Merweviller. Sy het aan Hoërskool Prince Albert gematrikuleer, in Kaapstad studeer, en het in die Kaap en in Gauteng gewerk voordat sy na haar tuisdorp teruggekeer het. As sy nie met 'n liefdesverhaal of 'n Sheldon ontspan, of skeppend met lappe en verf besig is nie, hou haar honde, katte en voëltjies haar besig.

***Pieter Hugo***
*Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek*




*Die Bothma's - Corrie bo en Zuné links onder*

⇨

## Bibliotekaris raak digterlik...

Dit lyk vir my die lente wat so yskoud begin het, het ons bibliotekarisse tot digterlikheid aangespoor.

Pieter Hugo, Streeksbibliotekaris van Beaufort-Wes, het onlangs met hierdie gedig-gie in **Die By** se weeklikse foto-byskrif kompetisie in **Die Burger,** 'n prys los-geslaan.



## ◆ LIBRARIES

## Challenge your readers

Tired of hearing how there's 'nothing to read' on the library shelves (despite eighteen odd thousand books in stock), **Villiersdorp Library** challenged their readers to start a book club, one that will provide fresh, new releases for their avid readers.

The challenge was accepted with enthusiasm and great energy and before we knew it a group of 15 ladies started meeting every second Monday of each month in the library hall - and have never failed a Book Club Monday for over two years now.

Rules of the club are simple: R30 monthly 'subscription', all books are returned to the meetings and each member has a chance to buy a book of their choice.

Books are discussed, story lines praised or torn apart. Heated arguments result from differing opinions, tastes and personal loyalties to particular authors, however, all in all it is great fun, an occasion to socialise and read, read, read!

Many have said that since the Book Club Monday, they have read books they would never have thought of reading before. Many have discovered new authors and now keep a close watch on all their new releases. For the library staff it is Christmas more often than once a year, as most of the Book Club Monday books are donated to the library.

The cherry on the cake is when I browse around in books shops through the 'recommended' and the 'staff choice' sections - I walk away smiling, as some of those 'recommended choices' already grace our library shelves - courtesy of the Villiersdorp Book Club Monday.

*Avril Labuschagne*
*Regional Librarian, Hermanus Library*

## Puik bemarkingstaktiek

*'n Uitstalling van materiaal wat deur die plaaslike NG Kerk se plaasmark gehou is om* ***Strand Biblioteek*** *se gratis dienste te adverteer*




## ◆ SKRYWERS EN BOEKE

## Matthee onttroon Da Vinci Code

Na maande as die topverkoper op die **Sunday Times** se toptien-lys vir fiksie moes Dan Brown se **The Da Vinci Code** plek maak vir die ontslape Dalene Matthee se **Die uitgespoeldes**.

En terwyl JK Rowling se **Harry Potter and the half-blood Prince** in die derde plek aan Brown se hakskene hap, lyk dit nie of **Die uitgespoeldes** in dié stadium iets het om oor bekommerd te wees nie. Op Exclusive Books se webwerf is Matthee se boek 15de op die lys, maar word dit as 'n `notable mover' beskryf.

Penguin Books, die uitgewer van **Die uitgespoeldes**, het dié boek as sy topverkoper gelys, met die Engelse weergawe, **Driftwood**, in die tweede plek.

Thandi Sindane van Penguin het gesê hulle was nogal geskok toe hulle sien Matthee se boek het Brown se blitsverkoper onttroon op die **Sunday Times** se trefferlys.

'Behalwe vir die blote feit dat dit Dalene Matthee is, het haar dood vroeër vanjaar uiteraard ook baie bygedra tot die publisiteit. Dis een van daardie boeke wat sy gehoop het om voor haar dood klaar te maak. Baie mense wat haar werk gereeld lees, weet waar die storie vandaan kom.'

Volgens Sindane dra die feit dat hulle die verkoopregte vir die boek in Brittanje kon bekom ook baie by tot die sukses. Sy kon egter nie syfers verskaf nie.

Gill van Zyl van Exclusive Books het gesê dit is ongewoon om 'n Afrikaanse boek in die eerste plek op 'n trefferlys te hê, maar dat dit baie te doen het met bemarking.

*Die Burger*

## Hansie-boek opgeraap

Die boek oor wyle Hansie Cronjé se lewe as Suid-Afrikaanse krieketkaptein en die jare daarna, toe hy vir geld geswig het, is ten tye van skrywe reeds vier weke op die land se top-tien lys vir nie-fiksieverkope.

Tot 12 000 eksemplare van die biografie, **Hansie Cronjé - sy lewensverhaal**, deur Garth King het die afgelope vyf weke van die rakke gevlieg. Talle winkels het nie meer voorraad van dié boek, wat op 22 Julie bekend gestel is, nie. Die Engelse en Afrikaanse eksemplare verkoop ewe goed. Volgens Frans Cronjé, Hansie se ouer broer, het die groot aanvraag hulle onverhoeds betrap. 'n Tweede oplaag sal binnekort in boekwinkels wees.

Die plan is om die biografie ook eersdaags in Brittanje en Indië bekend te stel.

*Rapport*

## Tryna du Toit oorlede

Die bekende romanskrywer Tryna du Toit (95), wat veral gewild was vir haar liefdesverhale, is oorlede nadat sy 'n jaar lank in 'n koma was.

Catherina Charlotte Kotzenberg, wat onder die skrywersnaam Tryna du Toit bekend geword het, se gewildste romans soos **Wag 'n bietjie**, **Die erfgenaam van La Provence** en **Donkerpoort**, is reeds 'n paar keer herdruk. Du Toit het meer as 40 romans en 12 omnibusse gepubliseer.

Sy is op 13 Januarie 1910 op De Aar in die Noord-Kaap gebore en het daar skoolgegaan, waarna sy haar onderwysdiploma by die Wellingtonse Opleidingskollege in1930 verwerf het en tot 1932 daar skoolgehou het.

Sy het haar eerste roman geskryf nadat sy met Wilhelm Kotzenburg getroud is en haar drie kinders reeds groot was.

Die skrywer en resensent Helene de Kock het Du Toit se werk as onvergeetlik beskryf. 'Enige veertigplusser wat ontken dat sy Tryna du Toit gelees én geniet het, kan bestempel word as pretensieus.'

*Die Burger*

## ◆ LITERÊRE TOEKENNINGS

## Banville wen Booker

Die 59-jarige Ierse skrywer John Banville is vanjaar die wenner van die gesogte Britse Man Booker Prys vir sy roman, **The sea**.


Banville het die wentjek van £50 000 (sowat R600 000) naelskraap voor die ander

# NewsNuus






`Dem bones dem bones dem...' **Worcester Biblioteek** se treffende been-uitstalling in die kinderafdeling



▲ An autumn leaf as a bookmark! This shot was taken in the Company Gardens at the onset of summer this year and sent to us by NB Library Service What an endearing and inspiring sight







## Come to the movies

We are going to the communities... this year's slogan for the annual Apollo Film Festival that took place in Victoria West during September .

The Apollo Theatre, a perfect example of Deco architecture, is the only working `bioscope' left in South Africa and sitting in those old-fashioned chairs, waiting for the plush red velvet curtains to be raised, truly takes one back in time.

This year's programme featured some wonderful local talent and included documentaries such as **All about Art**, (the Brett Kebble awards), **All I want for Christmas** and **Bridging the gap. Red dust, Max and Mona** (light and fun) and **In my country** were but a few of the feature films that were well attended. There was also a short film section - all in all an interesting selection of films

Although the raison d'etre of taking the films to the people is an admirable one, one did feel, however, that more use should have been made of the Apollo Theatre for screening as this is, after all, the purpose of bringing the theatre `back to life'. Showing films in the communities in halls should perhaps be actioned in another type of project.

All in all, the Apollo Film Festival is beckoning film buffs to visit and experience its olde worlde charm - so make a date with yourself and a partner / friend and `book your seat' in the darling little town of Victoria West




## NEW PUBLICATIONS

Here it comes - a new super duper year planner - due to hit your libraries soon. Remember your first entry - ***Library Week 2006!***





Bo en onder is kreatiewe voorbeelde van aktiwiteite aangebied deur **Brackenfell Biblioteek** tydens vakansietye. Links sien ons hoe die altyd geduldige toiletrolletjie ingespan word om 'n gogga te word

⇨

# Kaapse Bibliotekaris



## 40 jaar gelede...

***Stefan Wehmeyer*** *Assistentdirekteur: Steundienste*

- ★ Freda Linda wen die CP Hoogenhout Prys vir haar boek, **Snoet-Alleen**. In haar bedankingsrede sê sy: 'Die kind van ons tyd is in sy vormende jare aan baie vergrowwende invloede onderhewig, byvoorbeeld, deur kanale van die bioskoop en die radio, sensasiekoerant, klugprent. Hy kan maklik 'n negatiewe toeskouer van die lewe word, 'n rietjie-suier, slap soos die slapband wat hy lees. Juis daarom moet die goeie boek bly, en die draer bly van die waardes wat die gees verfyn en die intellek en die estetiese sin ontwikkel.'
- ★ In die gees van Kersfees het die **Kaapse Bibliotekaris** spesiale artikels met idees vir uitstallings, lyste van toneelstukke en ook Kersfilms. In 'n artikel oor Kersfees en Afrikaanse poësie, word die treffende gedig, ***Maria,*** deur Elisabet Eybers aangehaal. *En toe hy in jou arms lê / Sy mondjie teen jou volle bors / het jy geweet dat hy sou sê / toe dit te laat was: Ek het dors!…* En ***Kersliedjie*** van DJ Opperman waarin hy die geboorte van Jesus verplaas na Distrik Ses: *oor die sink en die sak van Distrik Ses / waar kersies brand in 'n stukkende fles / en daar tussen esels en makriel / die krip gesien en neergekniel / Die skaapvet, eiers en biltong / nederig gelê voor God se klong.*
- ★ Gilbert Morris, voormalige direkteur, tydens die opening van Darling se nuwe biblioteek. 'Biblioteke bly maar een van die menigvuldige dienste wat swaarbelaaide munisipaliteite moet voorsien en moes ook hulle beurt afwag saam met teerstrate, water- en elektrisiteitskemas, sypaadjies, swembaddens ensovoorts.'
- ★ *Librarian in profile* was Gordon Sprigg from Grahamstown Public Library. This remarkable man was in his life-time a farmer, a bibliographer (he compiled an index to biographical notices of the newspaper, **Grahamstown Journal**) and lastly librarian. He even made some furniture for the library.
- ★ Op Koekenaap spreek 'n ene mnr Engelbrecht sy kommer uit oor die gewildheid van strokiesverhale wat soos 'n veldbrand in die omgewing versprei. Dit hinder hom ook dat towerkuns as 'n tema van verhale in 'n sekere tydskrif gebruik word.
- ★ Cataloguer poets? To encourage readers of the **Cape Librarian** to write book reviews S Hinchliff wrote the following: 'Now we wonder whether you / Do read a book reviewed or two? / And if you do, do you thus / Find that you agree with us? / If not, don't hesitate to say / They could be done the other way / Write soon, using pen and ink / Telling us just what you think!'

finaliste weggeraap nadat professor Johan Sutherland, voorsitter van die beoordelingskomitee met vyf lede, die beslissende stem uitgebring het.

**The sea** is Banville se 14de roman die afgelope 35 jaar. Dié voormalige boekeredakteur van **The Irish Times** was in 1989 ook 'n finalis in dié kompetisie.

Daardie jaar het Kazuo Ishiguro, wie se boek **Never let me go** ook vanjaar op die kortlys was, hom om die eerste prys geklop. Dié keer was Ishiguro die naaswenner.

Die ander boeke op die kortlys was Zadie Smith se **On beauty**, Ali Smith se **The accidental**, Julian Barnes se **Arthur & George** en Sebastian Barry se boek, **A long way round**.

Barnes was die aanvanklike gunsteling.

*Die Burger*

## Harold Pinter wen Nobel

Die Britse dramaturg Harold Pinter is vanjaar die wenner van die Nobel Prys vir Letterkunde.

Die Akademie het Pinter geloof omdat hy drama as kunsvorm herstel het. Pinter het veral bekendheid verwerf vir toneelstukke soos **The room** (1957), **The birthday party** (1958), **The dumb waiter** (1958) en sy deurbraak-werk **The caretaker**, wat jare lank in die West End in Londen op die planke was.

Hy is bekend vir sy politieke betrokkenheid en uitgesprokenheid. Op 18 Maart vanjaar is hy met die Wilfred Owen Prys vereer vir sy poësie wat handel oor sy weersin in die konflik in Irak.

Pryse wat Pinter tot dusver verower het, sluit in die Shakespeare Prys, die Europese Prys vir Letterkunde (Wene), die Pirandello Prys (Palermo), die David Cohen-Britse Letterkunde Prys, die Laurence Oliver Prys en die Molière D'Honneur vir sy lewenswerk. Dié seun van 'n Joodse kleremaker het van 14 universiteite 'n eredoktorsgraad ontvang.

Die Nobel Prys het gewoonlik twee gevolge: 'n toename in boekverkope en omstredenheid. Verlede jaar se wenner, die Oostenrykse feminis Elfriede Jelinek, het soveel omstredenheid ontlok dat 'n lid van die Akademie ander lede in die openbaar aangeval het omdat hulle haar gekies het.

Vroeër vandeesweek het Knut Ahnlund (82) uit die Akademie bedank omdat hy meen die aanwysing van Jelinek het die prys se reputasie vernietig.

Die Akademie is in 1786 deur koning Gustav III gestig om die Sweedse taal en literatuur te bevorder, en die Nobel Prys word sedert 1901 uitgeloof. Tot op hede het 102 mans en vroue dié prys ontvang.

*Die Burger*

## ◆ MISCELLANY

### Blue Shield network

The Blue Shield network is the cultural equivalent of the Red Cross and strives to protect cultural objects and sites in the event of natural or man-made disasters.

The International Committee of the Blue Shield (ICBS), founded in 1996, comprises representatives of the four Non-Governmental Organisations (NGOs) working in this field:

- the International Council on Archives *http://www.ica.org*
- the International Council of Museums *http://icom.museum*
- the International Council on Monuments and Sites *http://www.icomos.org*, and
- the International Federation of Library Associations and Institutions *http://www.ifla.org.*

It works in cooperation with United Nations Education, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO), the International Centre for the Study of the Preservation and Restoration of Cultural Property (ICCROM) and the International Committee of the Red Cross.

The status of the ICBS as an 'eminent professional organisation', which has a formal relationship with UNESCO and an important advisory role, has been recognised in the 2nd Protocal (1999) of the Hague





*Links: Uiteindelik is die gehamer en gedruis voor die Hoofkantoorgebou op 'n einde en 'n reuse groot moderne gebou het uit die grond verrys. Baie glas en chroom maar tog heel `aanvallig' van voor*

*Onder: Maar van agter is dit nag vir personeel in hoofkantoor - 'n uiters vaal en oninspirerende aansig met die eens pragtige seeuitsig daarmee heen. 'n Mens kan net wonder oor die wysheid van die beplanners oor die metaal versperrings voor Hoofkantoorgebou se vensters - was dit regtig nodig - hulle het mos geweet van die nuwe gebou wat opgerig sou word..?*

Convention (1954) for the Protection of Cultural Property in the event of armed conflict.

Further information about ICBS is available from its web site *http://www.ifla.org/blueshield.htm*

## PALS HINTS

*Systems Librarian Bradley Meyer's name will become a regular feature in the news assisting librarians with latest news, information and hints on the PALS system. Should you have any queries, contact him on (021) 483-2309 or e-mail bmeyer@ppgwc.gov.za.*

❖ If you do a Display Item Record (DIR) and choose option B in the workform it will give you the Item Record as well as the Bibliographic details.

DIR *** Display Item Record

| | |
|---|---|
| | LOGGEDON |
| Item Barcode | :36180123456789 |
| Display Type (A/B/M/R/S> | :B |
| | [PROCEED] |
| | [QUIT] |

DIR Display Type

A All Item Data
**B Both Item and Bib Data**
M Marc tagged record
S Statistics
R Reserve Data
Blank = All

If you normally bypass this workform by doing :

DIR [item barcode] both the item record and bibliographic detail can be displayed with the single command - DIR [item barcode] B (upper or lower case).

Remember that the barcode will have to be typed in and not scanned as most barcode scanners are programmed with an automatic <enter> which will then not allow you to include the 'B'.

This can be used when only an item barcode is available and you need both the title / bibliographic details and item information.

***Alternatively***

If you only have the item barcode and just need to get the title use the BC (barcode) command.

For example: BC 36180123456789.

❖ To repeat the last command press the <END> key.
You can even use this command to complete a new command if the same number of characters are used. For example:
DIR 36180123456789
DHQ <END> =
DHQ 36180123456789

To repeat any of the last 25 typed commands press the <F2> key (on the top end of the keyboard) and select, from the green dropdown box that appears, the command you want to repeat by using the up/down directional arrow keys and pressing the <enter> key to make your selection.

***Bradley Meyer***
*Systems Librarian*

## Exclusive se keuses

Vier Afrikaanse fiksieboeke tel onder Exclusive books se Publisher's Choice-boeke: Etienne van Heerden se **In stede van die liefde**; **Raka - die roman** deur Koos Kombuis; Marita van der Vyver se **Bestemmings**; en **Die uitgespoeldes** deur Dalene Matthee. Laasgenoemde, deur Penguin uitgegee, is ook in die Engelse fiksiekategorie as **Driftwood** beskikbaar.

Wat Engelse fiksie betref, is die Nobelpryswenner JM Coetzee se **Slow man**; Brett Easton Ellis se **Lunar Park**; **Shalimar the clown** deur Salman Rushdie; en **Memories of my melancholy whores** van Gabriel Garcia Márquez, sy eerste boek in tien jaar.

Onder die biografieë is **Shakespeare - The biography** deur Peter Ackroyd en **Into the past - a memoir** van Philip Tobias.

Eietydse nie-fiksie op die lys is **Oranje blanje blues**, Max du Preez se geskiedenis van die **Vrye Weekblad**, waarvan hy redakteur was; en **The world in an orange - creating theatre with Barney Simon** deur Irene Stephanou en Leila Henriques.

**The Google story** deur David A Vise bied 'n blik op die ontstaan en verstommende sukses van dié soekenjin. In die godsdienskategorie is daar Bruce Wilkinson se **Beyond Jabez.**

Die wetenskap- en reiskategorie bevat, onder meer, **Africa - speaking with earth and sky** deur Crag en Damon Foster; en die geïllustreerde weergawe van Bill Bryson se bekroonde **A short history of nearly everything**.

***Die Burger***

## African book fair in Cape Town

A new book fair for Africa will be launched in Cape Town next year to replace the one in Zimbabwe that became a casualty of that country's political crises.

'We hope this will give birth to a new generation of readers and writers and change Africa's place in the world of literature,' said Fair Director Vanessa Badroodien.

Local publishers already dominate and have bought 70% of floor space sold so far. Organisers hope that South Africa's two Nobel literature laureates, Nadine Gordimer, and the reclusive JM Coetzee, will attend.

***Cape Times***

➪

# NASIONALE DAE 2006 NATIONAL DAYS

Compiled by Szerena Knapp

*We have had requests to publish detail regarding national days in the November/December issue of the **CL** each year. Below is the information available for the months of January and February 2006 at the time of going to print. International or national days for the rest of 2006 will be published in the January / February 2006 issue of the **CL**.*

*Every effort has been made to ensure that the correct information is published. Should there be any discrepancies please contact the author on (021) 483-2483.*

## JANUARY

Sun Safe Awareness Month
Date: **1-31 January 2006**
Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: *cansa.org.za / cansa.co.za*

World Braille Day
Date: **4 January 2006**
Presenter: SA National Council for the Blind
Tel: (012) 346-1171
Fax: (012) 346-4699
E-mail: <marlene@sancb.org.za>

World Leprosy Week
Date: **24-30 January 2006**
Presenter: Leprosy Mission Southern Africa
Contact person: Peter Laubscher
Tel: (011) 440-6323/440-5826
Fax: (011) 440-6324
E-mail: <peter@tlm.co.za>
Contact person: Otto Kingsley
Tel: (021) 558-2020
Web site: *leprosymission.co.za*

World Leprosy Day
Date: **29 January 2006**
Presenter: Leprosy Mission Southern Africa
Contact person: Peter Laubscher
Tel: (011) 440-6323/440-5826
Fax: (011) 440-6324
E-mail: <peter@tlm.co.za>
Contact person: Otto Kingsley
Tel: (021) 558-2020
Web site: *leprosymission.co.za*

## FEBRUARY

Diarrhea Disease Focus Month
Date: **1-28 February 2006**
Presenter: Provincial Government: Western Cape: Child Health
Tel: (021) 483-2686

Sun Safe Awareness Month
Date: **1-28 February 2006**
Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: *cansa.org.za / cansa.co.za*

World Wetlands Day
Date: **2 February 2006**
Presenter: Department of Environmental Affairs and Tourism
Contact person: Desetso Ramotso
Tel: (012) 310-3822
Fax: (012) 322-2682
Cell: 082 219 5136

International Cancer Day
Date: **4 February 2006**
Presenter: Cancer Association of South Africa
Contact person: Alice Victor
Tel: (021) 689-5347
Fax: (021) 685-1937
E-mail: <projectswp@cansa.org.za>
Web site: *cansa.org.za / cansa.co.za*

Condom Week
Date: **6-14 February 2006**
Presenter: Planned Parenthood Association of South Africa
Tel: (021) 448-7312
Fax: (021) 448-7320
E-mail: <ppawc@ppawc.co.za>
Web site: *ppasa.org.za*

Pregnancy Education Week
Date: **18-26 February 2006**
Presenter: Childbirth Educators' Resource Group
Contact person: Lynn Bluff
Tel: (011) 827-6912 / 0860181818
Cell: 083 227 6712

Congenital Heart Defect Awareness Day
Date: **14 February 2006**

Teen Suicide Prevention Week
Date: **19-25 February 2006**
Presenter: The SA Depression and Anxiety Group
Telephone: (011) 783-1474.

# IMPORTANT NOTICE

## Library Week date change

In the September / October 2005 **CL** issue, featuring a preview of Library Week on page 14, the date for Library Week was given as 20-25 March 2006 which is in accordance with the decision taken by the Library and Information Association of South Africa (LIASA) 'that the week within which 20 March falls should be National Library Week. In the event of this day falling within a weekend, the week preceding it should be celebrated as National Library Week.'

However, the Executive Committee of LIASA has since released information that Library Week 2006 will be celebrated during 13-18 March with the theme, *Libraries: partners in learning, nation building and development*.

As the 20th falls on a Monday and the 21st is a public holiday, LIASA was of the opinion that the weekend would probably be regarded as a long weekend by many, therefore changed the date to ensure that a full week could be dedicated to Library Week. Unfortunately the **Cape Librarian** had already gone to print at the time. So please be sure to flag the correct dates on your year planner.